Graad 2-Oortredings (vervolg)	Voorgestelde regstellende sanksies
8. Herhalende skending van kleredragvoorskrifte (insluitend hare en persoonlike versorging).	Na drie (3) waarskuwings, detensie.
9. Bakleiery	Waarskuwingsbrief en detensie.
10. Vuurwerke	Waarskuwingsbrief en detensie.
11. Vervalsing, bv. ouer/voog se handtekening.	Waarskuwingsbrief en detensie.
12. Dobbel binne en buite die skoolterreine.	1ste en 2de Oortreding: Spesiale detensie. 3de Oortreding: Inligtings-dissiplinêre verhoor, spesiale detensie en professionele berading. (Alle gelde moet gekonfiskeer word)
13. Graffiti: Boeke, tasse, skoolbanke, mure, ens.	Verwydering, waarskuwingsbrief, detensie en ontbied ouers.
14. Laat vir skool – drie (3) keer.	Skakel ouers.
15. Leuens	Waarskuwingsbrief en detensie.
16. Afstootlike material.	Waarskuwingsbrief, detensie en ontbied ouers.
17. Rook – besit/verkoop van sigarette, vashou van sigarette/op heterdaad betrap op/buite die skoolterrein.	1ste Oortreding: Spesiale detensie. 2de Oortreding: Formele dissiplinêre verhoor, spesiale detensie en professionele berading (Alle sigarette en aanstekers moet gekonfiskeer word).
18. Spoegery	Detensie
19. Steek van medeleerders met skerp voorwerpe bv. 'n speld, pen, penpunt, ens.	Waarskuwingsbrief, detensie, dissiplinêre verhoor en moontlike uitsetting.
20. Dwelmmisbruik – besit/snuif van ongemagtigde dwelms, bv. brandspiritus, verfverdunners, bensien, ens.	Inligtingsverhoor, waarskuwingsbrief, detensie, dissiplinêre verhoor en moontlike uitsetting.
21. Dreigende aanval/intimidering van 'n mede-leerder.	Skakel ouers, waarskuwingsbrief, detensie, dissiplinêre verhoor en moontlike uitsetting.
22. Stokkiesdraaiery – mis van 'n les.	Detensie
23. Stokkiesdraaiery – mis van 'n dag of gedeelte daarvan.	Skakel ouers, waarskuwingsbrief en detensie.
24. Vandalisme – ontsiering /beskadiging/breek van skooleiendom.	Skakel ouers, waarskuwingsbrief en detensie, betaal vir skade, dissiplinêre verhoor en moontlike uitsetting.
25. Verbale aanval op mede-leerder.	Skakel ouers, waarskuwingsbrief en detensie.

Graad 3-Oortredings	Voorgestelde regstellende sanksies
1. Alkohol – besit van/ruik na /onder die invloed wees van alkohol by die skool of op 'n skooluitstappie.	Dissiplinêre verhoor, waarskuwingsbrief, gemeenskapsdiens, detensie, dissiplinêre verhoor en moontlike uitsetting.
2. Aanval op 'n mede-leerder (wat 'n besering veroorsaak).	Skorsing uit 'n klas (interne uitsluiting)/skool; dissiplinêre verhoor, waarskuwingsbrief, skooldiens, detensie en moontlike uitsetting.
3. Geboelie (emosioneel en fisies)/intimidering.	Waarskuwingsbrief, skooldiens, detensie, dissiplinêre verhoor en moontlike uitsetting.
4. Kullery/poging tot kullery in eksamens, toetse, Portefeuljewerk.	Nulpunt en waarskuwingsbrief.
5. Besit/verspreiding van toets- of eksamenmateriaal voordat die toets/eksamen afgelê is.	Dissiplinêre verhoor, 'n nulpunt vir toets/eksamen, waarskuwingsbrief, skooldiens, detensie en moontlike uitsetting.
6. Volgehoue ontwrigtende gedrag in die klaskamer (wat die skool se onderrigprogram ontwrig).	Skorsing uit die klas (interne uitsluiting)/skool; dissiplinêre verhoor, waarskuwingsbrief, skooldiens, detensie en moontlike uitsetting.
7. Ontwrigtende gedrag op skooleiendom of op 'n skool-geborgde wedstryd/uitstappie/reis/toer (wat die skool se buitemuurse program ontwrig).	Skorsing uit die klas/skool, skoolaktiwiteite en funksies. Dissiplinêre verhoor, waarskuwingsbrief, gemeenskapsdiens, detensie en moontlike uitsetting.